*E-nuusbrief van sendelinge met OM Oekraine : Willem, Alla en kinders* **Februarie-April 2010**

# HERE4U

**Oekraïnse groete!**

Wat inspireer jou? 'n Goeie rugby-wedstryd; 'n vakansie saam met jou gesin; 'n goeie boek of musiek; slaap? Ek is seker dat daar iets is, wat jou energie-vlakke terugbring na normaal. As ons baie moeg is, of die lewe het al ons lewe uit ons uitgedruk, dan weet ons wat om te doen! Ek hoor al hierdie antwoorde en weet dat ek ook soms net rus nodig het. Al wil mens dit nie altyd herken nie, maar ja...

Die laaste maand was woes vir ons as gesin. Ons het die realiteite van siekte, die lang ure van werk, die druk van 'n vol program (Waar ons nog oop tydjies gehad het, het ons kinders dit met hulle aktiwiteite gevul!) eers besef toe ons vir 'n kort breuk in Thailand aangekom het. Ek en Alla het 'n kurses "Face2Face" bygewoon (waarvoor Willem se leier ons genooi het), wat weer perspektief en verfrissing vir ons gebring het.

Maar hoe is dit vir jou? Gee vakansie, musiek, boeke, sport, ens. regtig daardie verfrissing? Bring dit regtig die hoop en lus vir die toekoms terug? Bly ons nie maar ons self paai met raapsels en skraapsels van God se gawes, terwyl Sy grootste gawe – Jesus opgeoffer vir ons – 'vergete' in die geskiedenis bly lê nie? Is die realiteit van die opgestane Here nog vir ons 'n inspirasie? Maak die Paasfees-boodskap ons nog opgewonde en lus vir die lewe? Of soek ons maar op die internet waarheen ons moet wegbreek vir 'n langnaweek om 'weer onsself te vind?' Ek vra maar al sny die vraag diep in myself ook in.

**(oor ons kinderbediening)**

## Die keuse is hulle s'n!

Die eerste naweek in Maart het die OM-span in Vinnitsa 'n konferensie vir mense in kinder-en tienerbediening in ons area van die Oekraïne aangebied. Die konferensie is bygewoon deur meer as 40 mense. Nadja Koeprijonok, koordineerder van kinderbedienings vir die Baptiste-unie in die Oekraïne, het as spreker opgetree. Die konferensie was 'n toerustings-geleentheid vir mense wat in tienerbediening betrokke is of wil wees.

Ek deel graag opmerkings wat 3 konferensie-gangers gehad het:

"Ek dank God en 'OM' dat ek uitgenooi was na hierdie konferensie, wat gelei was deur Nadja Koeprijonok. Ons hoor gereeld dat kinders "ons toekoms" is, maar besef nie die betekenis van hierdie woorde nie. Hoe ons gemeenskap more gaan lyk (Of mense vriendelik en hulpvaardig of rof en sleg gaan optree teenoor mekaar) hang af van hoe ons ons kinders, ons bure se kinders en ons vriende se kinders gaan opvoed. Gaan ons jongmense net genot soek in sonde en wellus of gaan hulle 'n ander lewe met verhewe waardes hê? Daarom is opvoeding so belangrik, maar is dit ook nuttig om die fisiologiese ontwikkeling van ons tieners, en hulle probleme, te verstaan."

*(Sveta - van die dorpie Sitkovtsi)*

"Tot voor hierdie konferensie was ek net oor die algemeen bang om met tieners te werk. Nou is ek gereed! Ek wens daar was nog sulke seminare."

*(Tanja Toepota – van die dorpie Litin)*

"Die hele konferensie was baie interessant. Gedurende die konferensie het ek die informasie oordink sodat ek dit kon toepas in die praktyk. Veral het ek gehou van die Bybelse lering oor die volgende temas: vriendskap, liefde en verhoudings, verhouding met ouers. Nou, as een van my leerlinge my 'n vraag vra oor een van die temas, het ek notas oor die onderwerpe."

"Natuurlik, wil ek vir my leerlinge die beste antwoord gee, maar gedurende die konferensie het ek geleer dat dit beter is om vir hulle beide kante van die saak te stel (Beide hoe die wêreld en die Bybel na die spesifieke onderwerp kyk) sodat hulle die beste besluit kan maak. As ons net vir ons kinders een kant van die saak stel, ontneem ons hulle van die verantwoordelikheid om self keuses te maak, want ons voel ons moet verantwoordelik wees. Dus is dit belangrik om hulle te help, maar die keuse is hulle s'n."

*(Tanja – van die dorpie Kozjatin)*

**Ons hoop om nog konferensies aan te bied vir kinder- en tienerbediening in ons area.**

**(oor onsself)**

## Pa, my keel is seer!

"Pa, my keel is seer." Omdat Vova soos gewoonlik maar sit en speel met sy bord kos, gee Willem nie te veel aandag aan sy klagte nie. Enigeen, wat kinders grootmaak, weet mos dat 'n maag ewe skielik dodelik seer word as dit middagete tyd is, of dat dit algemeen is om 'n kwaai hoofpyn te kry net mooi die oomblik as jy jou huiswerk moet begin doen! In ons huis, is daar geen uitsondering aan hierdie reel nie.

Twee dae later, let Alla egter 'n rooi kolletjie onder Vova se kakebeen op. Omdat dit haar bekommer, neem sy hom toe hospitaal toe vir ondersoeke. Na 'n paar sonars en ander toetse, besluit die dokters dat hy dieselfde dag nog in die hospitaal opgeneem moet word. Dit was alreeds 'n skok, want ons gesin ken nie eintlik hospitale en dokters se spreekkamers nie! Maar toe Alla en Vova opgeneem word, toe skik Alla eers... want hy word toe in die kanker-eenheid opgeneem!

Daaglik het Vova antibiotita binne-aars ontvang. Daagiks is sy toestand gemonitor. As die swelsel nie sak nie, sal daar geoppereer moes word! Almal bid! Die dae gaan verby. Teen die vierde dag is dit duidelik dat dit nie kanker is nie; dat daar nie 'n operasie sal wees nie; dat Vova moontlik na 'n week huis toe sal kan gaan!

Hoekom het dit met ons gebeur? Dit sal ons seker nie weet nie. Al wat ons weet is dat ons hele gesin baie geleer het gedurende die spanningsvolle week. Alla het ook die pyn van ander moeders gehoor en gesien. Wieka se seuntjie is net so oud soos Vovatjie, maar sy is al die vierde jaar reisend van die een na die ander hospitaal, die kind het al verskeie operasies gehad, en dit lyk of hy nie baie lank oor het om te leef nie. Hulle wil nog Moskou toe vir 'n volgende operasie aan sy brein, maar nou is Joera in 'n koma! Gedurende die gespek besef Alla dat Wieka wil hoor van die Here. Sy bemoedig haar, berei haar voor vir die dood van haar seuntjie, berispe haar oor haar lewensstyl (op 24 het Wieka as 8 aborsies gehad en was op die punt om weer een te doen!) en bewys net liefde.

'n Week nadat Vova weer tuis was, het Wieka vir Alla gebel met die nuus. "Joera is oorlede!" Saam het die twee ma's gehuil. Saam het hulle die begrafnisrelings gedoen. So kon Alla Wieka help en bemoedig waar moontlik!

**GEBED:**

Bid asb. dat die Here vir Wieka sal vertroos. Bid ook dat Hy vir haar die moed sal gee om die regte keuse te maak. Bid dat sy die lewe vir haar ongebore baba sal kies. Bid dat, as die God se wil is, Alla vir Wieka verder na die Here toe sal kan lei.

**(oor ons gesinsbediening)**

## Die droom van 'n alkolis...

Al vir 3 ½ jaar kom 8 gesinne, met verskillende kerksienings en verskillende ambagte weekliks saam om mekaar te ondersteun. Hierdie jaar het ons gesinsbediening 'n hele paar interesante nuwe verwikkelinge gesien:

1) Ons bestudeer weekliks saam die Evangelie van Markus (Radikale nuus en handelinge, wat Jesus in die leefwêreld van sy – en ons tyd – ingebring het! Stel jou voor dat mense verlos word van demone, siekes genees word en skares mense dae na die Woord sit en luister! Moeilik om my so iets voor te stel in ons tyd. Die arme Jode van Jesus se tyd het ook maar hiermee gespook. En tog, het dit alles gebeur! Lees 'n slag weer hierdie wonderlike Evangelie met 'n oop gemoed.)
2) Sasja, vir wie ons in een van ons laaste nuusbriewe vir gebed gevra het , het 3 dranksessies (van so 2 weke elk) die eerste 2 maande van hierdie jaar beleef. Dit het ons almal op ons kniee gehad. Ons dank God dat hy nou al 2 maande 'droog' is. Bid saam met ons dat dit so sal bly. Ons sal graag wil sien dat hy die somer gedoop sal word en deel sal word van 'n plaaslike kerk. Bid en droom saam met ons!
3) Joera, wat 3 jaar gelede al by ons gesinsbediening aangesluit het, het toe die uitdaging om lidmaat van 'n plaaslike kerk te word, met die draai van die jaar geneem. In Februarie is hy toe in ons plaaslike gemeente aangeneem as lidmaat. En is dit nie wonderlik om te sien hoe hy die Here dien nie? Net na Paassondag, het 4 van ons gesinsbediening se mans saam gaan bedien in 'n dorpie buite Vinnitsa. En Joera het vir die eerste keer in sy lewe gepreek! (Ek wonder sommer net of die Here nie dalk vir jou ook roep om dit te doen nie? Vra Hom en laat my weet as jy dalk by ons wil kom kuier.)
4) Twee weke gelede het die Here 'n nuwe persoon na ons gesinsbediening's aand toe gebring. Sy naam is Oleg. Hy gaan tans deur gesinsprobleme. Sy vrou het hom gelos, hom uit die huis uitgesit en daar is 'n groot kans dat sy van hom gaan skei. Hy is tans in die hospitaal met hartprobleme...

Maar lees die een na die ander geestelike boek, wat Willem vir hom gegee het en wil sy lewe verander. Hy bid ook al daaroor dat sy gesin weer verenig sal word. Een nag in die hospitaal droom hy dat hy 'n wonderlike dag met sy gesin gehad het, maar toe in 'n restaurant instap en brandewyn bestel. Net toe raak hy wakker en skree "Nee, nee, ek wil nie, ek wil nie!" Wil jy nie saam met ons bid dat God in Oleg se lewe sal ingryp nie?

5) Ons bid ook nog vir Joera en Sasja se vrouens (Walja en Liliana), wat gereeld ons byeenkomste bywoon, maar nog nie 'n besluit geneem het t.o.v. die geloof nie.
6) Tans is ons besig om te beplan aan 'n gesinskamp die begin van Junie. Al julle enige idees of voorstelle, moet julle asb. laat weet omdat ons nog nooit so 'n kamp gelei het nie.

## PROJEK

Hierdie maand wil ek 'n baie interesante projek aan julle voorstel. Dit is iets waaroor ons al lank droom, maar waarvoor ons nog nooit werklik die moed gehad het nie. Nou glo ons is dit God se tyd om ons drome te realiseer. Ek het so amper 6 maande gelede genoem dat ons glo dat God ons roep om mense te mobiliseer om vir wêreld-sending te bid. Tans is ons besig om inligting bymekaar te maak vir 'n gebedskalender vir 2011. Ons wil 10000 kalenders druk vir verspreiding. Hierdie kalenders sal elke maand op 'n ander land fokus. Ons glo dat dit die Oekrainse kerk sal inspireer, gebed sal genereer, Christene sal inlig oor sending en moontlik ook nuwe sendelinge uit ons land sal mobiliseer.

Jou betrokkenheid op twee vlakke is noodsaaklik. Eerstens sal ons gebed moet genereer vir hierdie projek. Tweedens sal ons 'n groot bedrag van by die R70 000 moet werf om die kalenders te kan druk en versprei. Ek verwag nie van enigeen om 'n groot bedrag by te dra nie, maar wil jy nie daaroor bid om eenmalig vir ons 'n skenking van R50 of R100 te maak nie. Elke R10 sal dit moontlik maak om nog een almanak te druk! Neem saam met ons inisiatief en 'werf' 'n paar ander om ook by te dra. Bydraes kan of aan OM RSA gestuur word met 'n nota (Mobilising/Prayer – Ukraine) of in enige van ons bedienings-rekeninge inbetaal word (Plaas 'n nota GEBED by die inbetaling asb.)

Dankie weereens vir julle getroue ondersteuning en die bykomende ondersteuning, wat ons die laaste maande gesien het.

## GEBEDSPUNTE

1. Bid vir die punte, wat genoem is in hierdie brief. Ons hoop om in die komende maand nog n kinderbedieningskonferense te hou. Bid vir Vika en vir die mense in ons gesinsbediening.
2. Vanaf 21-25 Maart was Willem by die samekoms van OM-leiers in Thailand. Gedurende die konferensie, het Willem verskeie goeie gespekke met sendingleiers van verskeie Moslem-lande gehad. Hulle is oop om Oekrainiers as sendelinge te ontvang. Die vraag is hoe kan ons in OM hulle werf, oplei en uitstuur? Bid saam met ons vir hierdie strategiese betrokkenheid van Oekrainiers in wêreld-sending.
3. Met die somer net om die draai, is ons aan die gereed maak vir KAMPE. Tans lyk dit alles baie goed en baie sleg. Baie goed: Ons het alreeds 10 plekke ge-identifiseer, waar ons die kampe kan hou en die voorbereiding loop goed. Baie sleg: Ons het baie vrywilligers nodig. Bid saam met ons dat ons mense sal kry om te help met die kampe. Dalk moet jy/'n groep uit jou kerk dit oorweeg.
4. Tans is daar 'n hele paar administratiewe projekte, wat aandag kry. Bid saam met ons dat ons ons finansiele jaarverslae spoedig sal kan voltooi. Ons is ook besig om ons OM webbladsy op te knap. Ek sal laat weet wanneer julle na die nuwe www.ua.om.org kan kyk.

## BELANGRIKE DATUMS

Alhoewel van die datums nog nie bevestig is nie, noem ek 'n paar datums van belang:

| | | |
|---|---|---|
| 20 | April | Nuwe gesinsgroep |
| 22 | April | Willem besoek die span in Rivne |
| 25 | April | Willem en Annamaria verjaar; ou gesinsbediening |
| 28 | April | PR-dag in Vinnitsa |
| 30 | April | Johan verjaar |
| 2 | Mei | Ou gesinsbediening |
| 4 | Mei | Nuwe gesinsgroep |
| 9 | Mei | Ou gesinsbediening |
| 11 | Mei | Gebedsdag in OM Oekraine, nuwe gesinsgroep |
| 16 | Mei | Ou gesinsbediening |
| 18 | Mei | Nuwe gesinsgroep |
| 23 | Mei | Ou gesinsbediening |
| 25 | Mei | Nuwe gesinsgroep |
| 26 | Mei | PR-dag in Vinnitsa |
| 30 | Mei | Vova verjaar |

| Webplekke | Donasies | Kontak ons |
|---|---|---|
| Here4U<br><br>Oekrainse kuierplek<br><br>Nuusbrokkies<br><br>Ons albums<br><br>WayOut - Willem's blog<br><br>OM Oekraine | As geloofsbediening is ons afhanklik van finansiele donasies.<br><br>**Debietorders:**<br>Laai 'n debietorder vorm af of kontak Willem om een vir jou te stuur.<br>OM RSA debietorder.doc<br><br>**Bedieningsrekenings:**<br>Nedbank - Spaar<br>2389008291(takkode 138905 )<br>ABSA - Spaar<br>9060994478 (takkode 632005) | Van der Colffs<br>Box 6377<br>Vinnitsa<br>21030<br>UKRAINE<br><br>Willem se sel: +380-97-9397473<br>Alla se sel: +380-97-9889726<br>Huis: +380-432-466079<br><br>willem@ua.om.org<br>wiluaom@gmail.com |

**www.ua.om.org**